Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# HOOGTEPUNTE

# uit die

# REKTOR SE BESTUURSVERSLAG

# aan

# DIE SENAAT

Vrydag 2 Junie 2023

**Prof Wim de Villiers,**

**Rektor en Visekanselier**

Inhoudsopgawe

**Bestuursopsomming** ..... 3
Toekomsgerigte kampusse en infrastruktuur ..... 3
Nuwe leerruimtes vir die digitale era ..... 4
Aangevulde leer die kern van akademiese vernuwing ..... 4
'n Sterker klem op internasionalisering ..... 4
Bevorder die volhoubare ontwikkelingsagendas van die Verenigde Nasies en die Afrika-unie ..... 4
Versterk inkomstestrome en samel geld in om ons strategiese doelwitte te bereik ..... 5
Brei ons navorsingsleerstoele uit ..... 6
Nóg 'n ryk kwalifikasie-oes ..... 7
Help los uitdaging van NSFAS-studentehuisvesting op ..... 7
**HOOGTEPUNTE UIT DIE REKTOR SE BESTUURSVERSLAG** ..... 7
**1. Institusionele telkaart en kernaanwysers** ..... 7
**2. Navorsingsuitnemendheid besorg US plek in vooraanstaande netwerke en samewerkings** ..... 8
**3. Voortgesette transformasie en insluiting** ..... 9
Proefprojek oor restitusie ..... 9
Komitee vir die Institusionele Reaksie op die Kommissie se Aanbevelings (CIRCoRe) ..... 10
Institusionele Transformasiekomitee (ITK) ..... 10
Hersiening van Transformasiebeleid ..... 10
**4. Bou gemeenskappe deur meertaligheid** ..... 11
**5. Afrikapendelstudentenetwerk (ACSN) hou konferensie** ..... 11
**6. Eerste StellenboschX-kursus 'n wenner** ..... 12
**7. Grade- en toewydingsplegtighede in Maart 2023** ..... 12
**8. Inskrywings vir 2023** ..... 13
Voorgraadse inskrywings ..... 13
Nagraadse inskrywings ..... 14
**9. Opedag 2023** ..... 14
**10. SUNFin en SUNStudent druk deur** ..... 14
**11. BMNI-bekendstelling bevestig US as voorloper in biomediese navorsing** ..... 15
**Slot** ..... 15
**Medewerkers** ..... 16

# Bestuursopsomming

Die tweede Senaatsvergadering van die jaar vind plaas terwyl ons nog baai in die gloed van ’n belangrike mylpaal vir ons universiteit. Ek verwys na die amptelike opening van die Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI) op ons Tygerbergkampus op 19 April. Hierdie hipertegnologiese navorsingsfasiliteit spreek nie net boekdele van ons onwrikbare strewe daarna om die voorste navorsingsintensiewe universiteit op die vasteland te wees nie, maar weerspieël ook ons vasberadenheid om die akademiese en navorsingsuitnemendheid van die Universiteit Stellenbosch (US) vir nog baie lank te verseker.

Dit is veral bemoedigend om na te dink oor die woorde van prof Stefan Kaufmann, ’n wêreldbekende immunoloog en mikrobioloog, en die hoofspreker by die BMNI-bekendstelling, wat die fasiliteit beskryf het as “’n plek waar wetenskaplike uitnemendheid floreer”. Hy het twee grondbeginsels van ons akademiese strewe – interdissiplinêre navorsing en uitnemendheid – beklemtoon deur te sê: “Om komplekse probleme op te los, is samewerking tussen navorsers uit verskillende vakrigtings noodsaaklik. Interdissiplinariteit behels nie net verskillende wetenskaplike dissiplines nie, maar ook verskillende gelowe en mense uit uiteenlopende omstandighede wat almal saamwerk aan die gemeenskaplike doel om ons uitdagings beter te verstaan en na gepaste oplossings te soek. Boonop bring dit outomaties navorsing van ’n beter gehalte mee.

“Hierdie tipe wetenskap eindig nie in die laboratorium nie; dit beweeg eerder vorentoe na die werklike wêreld, waar dit ons help om ernstige gesondheidsuitdagings te hanteer en uiteindelik op te los deur middel van beter behandelings, beter voorkomingsmaatreëls, beter diagnostiek, beter gemeenskapsintegrasie, en beter openbare beleid.”

Prof Kaufmann se siening van die BMNI en die belofte wat dit vir die toekoms inhou, is ’n raak samevatting van die kern en gees van wetenskaplike ondersoek waarop die ganse akademiese projek by die US gegrond is. Deur wêreldklaskennis te skep en aan die voorpunt van tegnologiese innovasie te bly, is ons ’n florerende, lewenskragtige, transformerende en sistemies volhoubare universiteit met ’n al hoe sterker ingebedde kultuur van innovasie, entrepreneurskap en responsiwiteit op die behoeftes van die samelewing en die gemeenskappe wat ons bedien.

Dít het nie toevallig gebeur nie. Dit is die produk van ’n doelgerigte benadering tot ons kernwerksaamhede van leer en onderrig, navorsing, en sosiale impak. Hoewel ek gereeld in my verslae aan die Senaat oor die grondslag van ons sukses uitwei, sonder ek hierdie keer graag die volgende paar boustene uit wat die formidabele werk van ons akademiese en steunpersoneel onderstut:

## Toekomsgerigte kampusse en infrastruktuur

Altesaam 87 kapitaalprojekte van sowat R655 miljoen word in dié stadium op ons verskillende kampusse beplan. Ons het van 2021 tot 2022 ’n stewige 57 projekte ter waarde van R637 miljoen voltooi. Die 24 projekte wat tans aan die gang is, kos R1,7 miljard. Dít sluit in die verskuiwing van die Stellenbosch Bestuurskool van Bellvilleparkkampus na Stellenbosch, die vestiging van ’n US-teenwoordigheid op Klapmuts, en die optimale benutting van ons bates by Koloniesland en Malmesbury.

## Nuwe leerruimtes vir die digitale era

Die US pas aan by die tye en skep nuwe leerruimtes wat uitgeknip is vir die interaktiewe en hibridieseleerpedagogieë van 'n wêreld wat digitaal eerste stel. Ons Jan Mouton Leersentrum is een so 'n moderne, multifunksionele leer- en onderrigfasiliteit op ons sentrale kampus. Dit is toegerus met die jongste tegnologie vir toekomsgerigte lesings, regstreekse stroming, konferensies en groepwerk en is nou die nuwe norm vir toekomstige geboue op ons kampusse.

## Aangevulde leer die kern van akademiese vernuwing

Die pandemie het ons digitaliseringstrategie versnel. Ons projek vir uitgebreide leerruimtes, oftewel ELS, is 'n direkte uitvloeisel daarvan en maak aangevulde leer nou 'n werklikheid.

Met ELS installeer ons die nodige oudiovisuele toerusting en stelsels in alle beskikbare lesinglokale sodat dosente hulle lesings na aanlyn studente kan stroom terwyl hulle vir studente wat fisies aanwesig is klas gee. Die gedagte is om aanlyn studente 'n interaktiewe leerervaring te bied wat geensins vir fisiese bywoning terugstaan nie, en om boonop nuwe studentemarkte te bereik.

Die ELS-projek op ons sentrale kampus het R125 miljoen gekos en is in 'n hele paar fases uitgevoer. Ons brei dit nou ook na die hoofgeboue op Bellvilleparkkampus uit, wat die totale getal US-lokale met hierdie ultramoderne onderrig- en leertoerusting op 121 te staan sal bring.

## 'n Sterker klem op internasionalisering

Sedert internasionalisering in 2015 'n amptelike portefeulje by ons universiteit geword het, het die US hom by prestigeryke formele internasionale netwerke aangesluit. Dít sluit in die Globale Universiteitsalliansie oor die Klimaat (GAUC), die Universiteitskonsortium vir Globale Gesondheid (CUGH), die Afrikanavorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA), die Europese Gilde van Navorsingsintensiewe Universiteite, en die Venesiaanse Internasionale Universiteit. Daarbenewens is daar 'n jaarlikse toename in die getal buitelandse vennootinstellings wat aan ons gesamentlike en dubbele graadprogramme deelneem. Hierdie doelbewuste netwerke en vennootskappe lewer 'n belangrike bydrae tot ons strewe om navorsing met 'n wêreldwye impak te onderneem.

## Bevorder die volhoubare ontwikkelingsagendas van die Verenigde Nasies en die Afrika-unie

Ons is ernstig daaroor om volhoubare ontwikkeling in ons land, op die vasteland en in die res van die wêreld te help bevorder. Ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* is met behoorlike inagneming van Suid-Afrika se Nasionale Ontwikkelingsplan, die Afrika-unie se Agenda 2063 en die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (SDG's) opgestel.

Ons het in 2022 ook die SDG/2063 Impaksentrum tot stand gebring. Die sentrum koördineer en moniteer die volhoubare ontwikkelingswerk van ons navorsingsleerstoele, sentrums van uitnemendheid, institute, tipe 2-skole en akademiese navorsingsprogramme om te sorg dat ons oplossings vir van die grootste wêreldwye volhoubaarheidsuitdagings help bied. Dit is net nóg 'n manier waarop die US daarna streef om relevant te wees vir ons konteks en tot diens te wees van ander in nasionale, vastelands- en wêreldverband.

## Versterk inkomstestrome en samel geld in om ons strategiese doelwitte te bereik


Aangesien finansiering van die Nasionale Navorsingstigting stelselmatig afneem, moes ons die afgelope paar jaar konsekwent na nuwe bronne soek om ons kontraknavorsingstoekennings uit te brei. Ons moes veral heelwat sterker op navorsingstoekennings uit internasionale bronne en vennootskappe begin konsentreer, soos die tabel hier onder toon.

**Actual Income (Research Contracts and the NRF) for 2013 - 2022**


| | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Research contracts (excluding NRF)** | R477,1m | R585m | R637,2m | R1,78bn | R885,8m | R783,2m | R806,03m<br>*Of which: Inter-national: R429,4m And National: R376, 63m* | R828,77m<br>*Of which: International: R454,8m And National: R344,52m* | R1,041bn<br>*Of which: International: R591,5m And National: R449,2m* | R1,076bn<br>*Of which: International: R658,3m And National: R418,4m* |
| **NRF** | R160,3m | R198,3m | R224,1m | R367m | R364,2m | R235,2m | R209,92m | R164,324m | R183,2m | R213,6m |
| **Total** | **R703,4m** | **R878,9m** | **R1,18bn** | **R2,158bn** | **R1,250bn** | **R1,018bn** | **R1,016bn** | **R963,62m** | **R1,224bn** | **R1,290bn** |

Boonop het ons aansienlike vordering gemaak met die aanwending van filantropiese skenkings om van ons belangrikste strategiese doelwitte te ondersteun. Finansiering uit hierdie bron in Maart 2023 (R121,25 miljoen) was beduidend meer as in Maart 2022 (R98,33 miljoen) (*sien grafiek hier onder*). Daarmee sit ons die positiewe groei van verlede jaar voort, toe die US altesaam R272 miljoen uit filantropiese bronne ontvang het vergeleke met R234 miljoen die vorige jaar – 'n toename van 14%.

**Filantropiese skenkings in Maart 2023 (in miljoen)**



Die volgende sektorgrafiek toon hoe ons filantropiese skenkings aan die US vir van ons strategiese behoeftes benut.




Die filantropiese skenkings word grotendeels gebruik om studente uit benadeelde omstandighede van beurse te voorsien. 'n Aansienlike gedeelte word aangewend vir finansiële bystand vir studente uit die 'ontbrekende middel' en om studieskuld te beperk. 'n Verdere groot persentasie van die geld word belê in aanvullende steun vir studente om hulle kans op akademiese sukses te verbeter. Aanvullende steun behels tutorbystand en geld vir akademiese noodsaaklikhede soos ledegeld van verenigings, handboeke, reisgeld, mentors en ontwikkelingswerksessies.

## Brei ons navorsingsleerstoele uit

Ons het onlangs ons navorsingsleerstoele tot 48 uitgebrei nadat ons 'n verdere vier bekom het om ons strewe na navorsing vir impak te versterk. Die nuwe toevoegings is:

- twee leerstoele in groen energie, naamlik 'n DWI/NNS-Sasol-navorsingsleerstoel in groen waterstof op vlak 1 en 'n SARChi-NNS-leerstoel in kragstelselsimulasie op vlak 2;
- 'n leerstoel in Afrikaanse skeppende skryfwerk ter waarde van R1,5 miljoen per jaar vir die volgende vyf jaar met ingang van 2023; en
- die Gys Steyn-leerstoel in finansiële regulering in ons Fakulteit Regsgeleerdheid.

Alles dui daarop dat ons later vanjaar ook 'n leerstoel in rekenaarsterrekunde te wagte kan wees.

Ons navorsingsleerstoele, wat met toegespitste finansiering van 'n agentskap of weldoener ondersteun word, stel die US in staat om kennis te bou deur uitmuntende nagraadse studente en navorsingsuitsette op te lewer. Die leerstoele dien as inkubasieruimtes vir navorsing en ontluikende navorsers, wat hulle loopbane onder leiding van toonaangewende wetenskaplikes kan begin. Sodoende versterk dit ook ons strewe na navorsingsuitnemendheid en die ontwikkeling van wetenskaplike vermoë binne en buite ons landsgrense.

### Nóg 'n ryk kwalifikasie-oes

Ons het by ons gradeplegtighede in Maart 2023 altesaam 3 055 kwalifikasies verleen. Saam met dié van Desember 2022 het ons dus vir die akademiese jaar 2022 'n totaal van 8 642 kwalifikasies toegeken. Meer as die helfte daarvan was op nagraadse vlak, en magistergrade het die grootste persentasie (17,2%) van totale kwalifikasies uitgemaak. Dít beloof goed vir die skep van 'n standhoudende poel doktorale inskrywings in die toekoms.

### Help los uitdaging van NSFAS-studentehuisvesting op

Ons skakel voortdurend met ons studenteleierskapstrukture en die owerhede oor die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se besluit om die huisvestingstoelaes van begunstigdes van die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) te beperk. Hoewel die probleem nog nie heeltemal uitgestryk is nie, kon ons alternatiewe reëlings tref om in die geaffekteerde studente se onmiddellike behoeftes te voorsien. Hulle is almal betyds in US-koshuise en -studentehuise of in geakkrediteerde studenteverblyf geplaas.

Boonop het ons die DHOO van omvattende inligting oor alle studentehuisvestingskwessies voorsien en op 13 April ook 'n terreinbesoek van senior DHOO-amptenare ontvang. Dít sal hopelik meewerk tot 'n moontlike hersiening van die perk op huisvestingstoelaes, waarvoor Universiteite Suid-Afrika (USAf) ook vroeër vanjaar namens die sektor gevra het.

'n Lid van die Rektoraat kry soos gewoonlik weer 'n geleentheid om aan die Senaat verslag te doen. Ons Viserektor: **Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, prof Nico Koopman**, kry dié keer 'n beurt om 'n verslag oor werksaamhede in sy verantwoordelikheidsentrum die afgelope jaar voor te lê. Om duplikasie so ver moontlik te voorkom, lig ek net 'n enkele hoogtepunte uit prof Koopman se portefeulje uit. Raadpleeg gerus sy afsonderlike verslag vir verdere inligting. Ek en my medebestuurslede verwelkom hierdie geleentheid om ontwikkelings in die tydperk Februarie tot Mei met die Senaat te bespreek.


# HOOGTEPUNTE UIT DIE REKTOR SE BESTUURSVERSLAG

In die paragrawe hier onder bied ek hoogtepunte uit my bestuursverslag. Raadpleeg gerus die bylaag vir 'n vollediger kykie na die bydraes van die verskillende verantwoordelikheidsentrums.

## 1. Institusionele telkaart en kernaanwysers

Nadat ons destyds *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* goedgekeur het, het ons 'n aantal strategiese bestuursaanwysers (SBA's) ontwikkel om ons te help vasstel in watter mate ons die doelstellings en oogmerke van ons strategiese temas bereik. Ons noem dít ons telkaart.

Om die status van die instelling in 'n kits te bepaal en die Raad en Rektoraat vinnige, datagegronde besluite te help neem, moes ons egter die uitgebreide stel SBA's in 'n kleiner groep kern- institusionele aanwysers omskep (*sien illustrasie hier onder*). Die kernaanwysers verteenwoordig die deurslaggewende faktore vir ons sukses op institusionele vlak.




Die Rektoraat het op 22 Maart die volgende agt moontlike kernaanwysers oorweeg en goedgekeur:

- Bruin, swart, Indiër- en Asiër- (BSIA-) personeellede as 'n persentasie van alle personeel
- Geweegde navorsingsuitseteenhede per voltyds-ekwivalente seniordosent-ekwivalente akademiese (FTE-SLE-C1-) personeellid
- BSIA-studente as 'n persentasie van alle ingeskrewe studente (buiten internasionale studente, wat nie hulle bevolkingsgroep hoef te verklaar nie)
- Internasionale studente as 'n persentasie van totale ingeskrewe studente
- Geweegde moduleslaagsyfer vir voorgraadse studente (op grond van modulekrediete)
- Netto surplus/tekort volgens die US se gekonsolideerde inkomstestaat
- Besteding aan instandhouding en verkryging van toerusting as 'n persentasie van totale inkomste
- Sosiale impak (as plekhouer totdat 'n finale definisie ontwikkel word)

Op grond hiervan kan die US nou 'n jaarlikse tematiese telkaart vir die Rektoraat saamstel, wat op sy beurt as uitgangspunt sal dien vir 'n telkaart wat die Raad in hulle oorsigbestuursverantwoordelikhede kan gebruik. 'n Eerste weergawe van hierdie telkaarte dien in Junie vir bespreking en kommentaar voor die Raad.

## 2. Navorsingsuitnemendheid besorg US plek in vooraanstaande netwerke en samewerkings

Danksy ons navorsers se uitmuntende werk op ons strategiese navorsingsfokusgebiede bly ons universiteit 'n gewaardeerde vennoot in verskeie nasionale en internasionale netwerke en samewerkings.

As gevolg van ons betrokkenheid by die vennootskap tussen die Afrikanavorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA) en die Gilde van Europese Navorsingsintensiewe Universiteite ding ons byvoorbeeld mee om klusters van uitnemendheid wat met ons sterkpunte en die prioriteite van die Afrika- en Europese Unie se Innovasie-agenda strook. Laasgenoemde behels 'n doelbewuste klem op openbare gesondheid, die oorgang na 'n groen ekonomie, innovasie en tegnologie, en wetenskaplike vermoë.

Die US is nou ook 'n lid van die Alliansie van Guangzhou Internasionale Susterstadsuniversiteite (GISU). Ander lede is onder meer die Universiteit van Guangzhou (China), die Universiteit van Linköping (Swede), die Universiteit van Coimbra (Portugal), Université du Québec à Montréal (Kanada), die Universiteit van Padua (Italië), die Universiteit van Tampere (Finland), die Universiteit van Wes-Sydney (Australië) en die Mediese Universiteit van Guangzhou (China). Ons deelname aan GISU brei dus nie net ons samewerkingsvoetspoor in Asië en die Pasifiese streek uit nie, maar ook in die globale noorde. Ons personeel en studente vind reeds baat by die geleenthede verbonde aan GISU se Digitale en Entrepreneurskapsakademie.

Wat ons nasionale vennootskappe met onder andere die Departement van Wetenskap en Innovasie (DWI), die Nasionale Navorsingstigting (NNS), Universiteite Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Nasionale Energieontwikkelingsinstituut betref, is die beheerkomitees en adviesrade vir die sentrums van uitnemendheid wat ons ondersteun aan ons toegeken. Ons het ook begrotings vir 2023 ontvang.

Sowat R66 miljoen in finansiering is aan ons Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (CREST) en die Sentrum van Uitnemendheid in Scientometrie en Wetenskap-, Tegnologie- en Innovasiebeleid (SciSTIP) toegeken. Boonop het ons Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Ontleding (SACEMA) hulle finale toekenning van R2,2 miljoen vir 2023/24 van die NNS ontvang. Kontraktuele verbintenisse met ons sentrums van uitnemendheid het teen die tweede kwartaal reeds R86,3 miljoen in toekennings van die DWI/NNS/DHOO oorskry.

# 3. Voortgesette transformasie en insluiting

## Proefprojek oor restitusie

Die Transformasiekantoor en die Sentrum vir die Studie van die Nadraai van Geweld en die Soeke na Herstel (AVReQ) het in 2022 'n proefprojek van stapel gestuur om uitvoering te help gee aan die US se restitusieverklaring. Toe die projek vroeg in 2023 ten einde loop, het deelnemers besef dat wat aanvanklik as 'n korttermyninisiatief bedoel is inderwaarheid 'n langertermyngeleentheid bied om transformasie aan die US uit die oogpunt van die restitusieverklaring te verdiep. Die volgende drie werkgroepe is dus vir dié doel geskep:

- Restitusieverklaringuitstalling: Deelnemers het met verskeie voorstelle vorendag gekom om die US se huidige Eeufeesuitstalling te herontwerp.
- Praktiese vergoeding/regstellende optrede: Deelnemers sal graag wil bydra tot die praktiese implementering van die restitusieverklaring ter aanvulling van wat reeds by die Universiteit gebeur.

- Navorsing: AVReQ sal aan die stuur staan van 'n akademiese navorsingsprojek om die restitusieverklaring stuk vir stuk te ontleed, en te bepaal hoe die verklaring met die US se waardes verband hou. Hierdie navorsing sal as grondslag vir die herontwerp van die Eeufeesuitstalling dien. Die Transformasiekantoor sal as medenavorser optree.

## Komitee vir die Institusionele Reaksie op die Kommissie se Aanbevelings (CIRCoRe)

CIRCoRe en sy vyf werkstrome is in April tot stand gebring om ons reaksie op die aanbevelings in die Khampepe-kommissie se verslag oor bewerings van rassisme by die US te koördineer. Die eerste werkstroom sal op die volle spektrum van die studentelewe konsentreer en staan onder leiding van prof Ronelle Carolissen. Die tweede werkstroom, met prof Lis Lange aan die stuur, sal ondersoek hoe ons die grondwetlike waardes van menseregte, nierassigheid, menswaardigheid en respek by alle US-studente kan inskerp. Die derde werkstroom, met prof Kopano Ratele as leier, sal aandag skenk aan die wisselwerking tussen ons komplekse transformasie-infrastruktuur, waaronder die regs-, regulasie- en beleidsaspekte, en die sagter kant van ons instelling se werksaamhede. Prof Dion Forster dien as leier van die vierde werkstroom, oor ras, menskategorisasie en die wetenskap, wat die US nuut sal help dink oor sy akademiese werk in 'n demokratiese samelewing. Laastens sal die vyfde stroom daaraan werk om Universiteitstrukture, -beleide en -regulasies te vereenvoudig en te belyn om transformasiesake doeltreffender te hanteer. Dr Leslie van Rooi sal daar die leiding neem.

## Institusionele Transformasiekomitee (ITK)

Die Rektoraat het die hersiene opdrag van die ITK goedgekeur. Die ITK is ook genooi om twee lede te benoem om die struktuur in CIRCoRe te verteenwoordig. Me Ellen Tise (senior direkteur van die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens) en mnr Wayde Davidse (senior aankoper) is gevolglik afgevaardig.

## Hersiening van Transformasiebeleid

Die Transformasiebeleidstaakgroep het 'n tweede konsep van ons voorgestelde Transformasiebeleid ontwikkel. Die dokument het sedertdien vir bespreking en kommentaar voor die ITK en die Rektoraat gedien. Die pas (her)ontwikkelde definisies vir Afrikanisasie, dekolonisasie, restitusie en transformasie het veral aandag geniet. Die beleid is in April vir wyer kommentaar beskikbaar gestel, en raadplegende sessies met ons oorsigbestuurstrukture is aan die gang.

## 4. Bou gemeenskappe deur meertaligheid

Die Taalsentrum het die werksessie "Bou gemeenskappe deur meertaligheid" bekend gestel. Die sessie van drie uur bied deelnemers 'n ruimte om nuwe gesprekke oor taal te voer, die rykheid van hulle eie en ander se taalreise te ontdek, en te verken hoe 'n [meertalige ingesteldheid] met die waardes van integriteit, respek en verdraagsaamheid verband hou.

Die werksessie is in April en Mei 23 keer gefasiliteer sodat alle US-koshuishoofde, Huiskomiteelede en mentors dit kon bywoon.






*Foto's van die sessie met koshuishoofde op 5 April.*

## 5. Afrikapendelstudentenetwerk (ACSN) hou konferensie

Een van die grootste tendense in die hedendaagse hoër onderwys is 'n toename in pendelstudente. In dié verband het ons Sentrum vir Studentegemeenskappe in Maart die eerste ACSN-konferensie aangebied (*sien foto's hier onder*). Hier het universiteite van oor die hele Afrika bespreek hoe dagstudente beter ondersteun en by die kampuslewe ingesluit kan word.

Die doel van die pas gestigte ACSN is om universiteite op die vasteland 'n geleentheid te gee om by mekaar te leer en saam oplossings te skep om pendelstudente net so 'n goeie kans op sukses en net so 'n transformerende ervaring as hulle inwonende eweknieë te bied.





## 6. Eerste StellenboschX-kursus 'n wenner

Ons het in Junie 2022 'n vennootskap met edX, 'n verskaffer van massiewe oop aanlyn kursusse, aangegaan om toegang tot ons akademiese aanbod uit te brei. Die virtuele entiteit StellenboschX is daaruit geskep, onder welke naam ons nou 'n opwindende, multidissiplinêre portefeulje aanlyn kursusse ontwikkel.

Ons eerste aanbod, die Professionele Sertifikaat in Strategiese Menslikehulpbronbestuur, is besonder gewild, en 'n uitstekende begin om die StellenboschX-portefeulje te vestig. Die kursus is gegrond op, en dien dus eintlik as 'n bemarkingsinstrument vir, ons bestaande kredietdraende Nagraadse Diploma in Strategiese Menslikehulpbronbestuur, wat hibridies aangebied word.

Nagenoeg 6 000 edX-studente van 178 lande of streke het van Junie 2022 tot April 2023 vir die ten volle aanlyn aanbod ingeskryf. Altesaam 778 van hulle het in die "geverifieerde kategorie" ingeskryf, wat beteken dat hulle gekies het om vir die kursus te betaal sodat hulle by voltooiing 'n StellenboschX-sertifikaat kan ontvang.

Die belangstelling in die kursus onderstreep die moontlike waarde van die edX-US-vennootskap wat betref reikwydte vir ons instelling én toegang vir studente, wat die kursus hetsy gratis (as 'n niesertifikaatdraende, oop aanlyn aanbod) of as 'n betaalde, sertifikaatdraende program kan volg. Laasgenoemde het 'n welkome derde geldstroom vir die betrokke departement tot gevolg. Daarbenewens put ons hibridieseleerspan ook groot waarde uit die StellenboschX-studenteprofieldata omdat dit hulle help om die wêreldwye werk-en-studeermark te verstaan en gepaste digitale bemarkingstrategieë vir sowel edX-gebaseerde as hibridieseleerprogramme te ontwikkel.

Verdere StellenboschX-kursusse in verskeie vakrigtings word tans ontwikkel en sal deur die res van die jaar bekend gestel word.

## 7. Grade- en toewydingsplegtighede in Maart 2023

Die verantwoordelikheidsentrum van die Registrateur en die afdelings Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking, Ontwikkeling en Alumniverhoudinge sowel as Fasiliteitsbestuur het saamgewerk om die gradeplegtighede in Maart 2023 te reël. Die gradeweek is vir die eerste keer as 'n buiteluggeleentheid by Coetzenburgstadion aangebied om vir noodsaaklike opknappings aan Coetzenburgsentrum voorsiening te maak.

Die gradeplegtigheidswebblad het in die weke tot en met die Maart-plegtighede 36 068 besigtigings ontvang. Nuusbriewe met alle logistieke reëlings is vooraf aan alle graduandi gestuur, en 'n spesiale gradeweergawe van die nuusbrief *nuus@StellenboschUni* is intern versprei. Graduandi se prestasies is ook in nuusberigte op ons webtuiste, sosialemediakanale en in die plaaslike en nasionale media uitgelig.

Onder diegene wat die verhoog oorgesteek het, was een BCom- en 23 BIng-graduandi van die Ikusasa Finansiëlehulpprogram vir Studente (ISFAP). Die US was trots om vir die akademiese jaar 2022 altesaam 68 ISFAP-gegradueerdes te kon oplewer – ons derde kohort sedert hierdie omvattende beursprogram in 2018 by ons instelling bekend gestel is.




*Links: Van die ISFAP-graduandi in Maart 2023 saam met lede van die ISFAP-ondersteuningspan, Morné du Toit, ISFAP se uitvoerende hoof (agter, derde van regs) en die US se hoof van Voorgraadse Beurse en Lenings, Lerato Moyo (vyfde van regs).*


Dertien Biokinetika-honneursgraduandi en voorgraadse studente het ook in Maart hulle interdissiplinêre openbare belofte afgelê om die waardes van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe én van die gesondheidsberoepe waarvan hulle nou deel word te handhaaf.

# 8. Inskrywings vir 2023

## Voorgraadse inskrywings

Die diagramme hier onder vergelyk Suid-Afrikaanse voorgraadse inskrywings by die US volgens bevolkingsgroep aan die einde van die registrasietydperk in onderskeidelik 2023 en 2022. (Internasionale studente hoef nie hulle bevolkingsgroep te verklaar nie.)





Die belangrikste tendense wat uit hierdie vergelyking na vore kom, is dat:


- inskrywings uit alle bevolkingsgroepe toegeneem het;
- swart Afrikaan-inskrywings met 12,95% toegeneem het van 3 621 tot 4 090;
- Indiër-inskrywings met 5,99% toegeneem het van 684 tot 725; en
- Asiër-inskrywings met 20,37% toegeneem het van 54 tot 65.

Vir verdere inligting, raadpleeg ons Afdeling Inligtingsoorsigbestuur se volledige verslag oor voorgraadse inskrywings.

### Nagraadse inskrywings

'n Soortgelyke vergelyking van Suid-Afrikaanse nagraadse inskrywings by die US in 2023 en 2022 verskyn hier onder. Dit toon onder meer dat swart Afrikaan-inskrywings met 15,58% toegeneem het van 2 093 tot 2 419.




Raadpleeg gerus Inligtingsoorsigbestuur se volledige verslag oor nagraadse inskrywings om meer uit te vind.

## 9. Opedag 2023

Die Opedagwebtuiste – ons derde een sedert ons dié platform geskep het om die beperkings van die pandemie te bowe te kom – is op 1 April geaktiveer. Met alle Covid-19-beperkings nou agter die rug, was ons ook verheug om op 6 Mei ons fisiese Opedag op kampus te kon aanbied.

Ons Opedaggeleenthede is belangrike US-wye studentewerwingsinstrumente waarmee ons die Universiteit as voornemende studente se eerste keuse vir tersiêre onderwys kan posisioneer.

Die Opedagwebtuiste sal tot aan die einde van Julie beskikbaar wees en bied inligtingsessies, video's, brosjures en antwoorde op gereelde vrae om graad 12's ingeligte besluite te help neem. By die skryf van hierdie verslag het die webtuiste 92 380 besigtigings ontvang (90 542 in 2022), met 14 288 unieke gebruikers (11 999 in 2022).

Die kontakgeleentheid, wat op sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus plaasgevind het, is deur die Afdeling Studentewerwing gereël, maar steun swaar op universiteitswye vennootskappe. Meer as 20 000 kaartjies is bespreek vir die individuele inligtingsessies wat in die loop van die dag gehou is. 'n Volledige Opedaggids is aan gaste beskikbaar gestel om hulle deur die dag se bedrywighede te lei en voornemende studente met hulle aansoeke by te staan.

## 10. SUNFin en SUNStudent druk deur

Die toetsing en goedkeuring van die Oracle Cloud Financial-oplossing waaruit ons nuwe SUNFin-stelsel bestaan, duur voort. Hoewel toetsing tot op hede goeie resultate oplewer en groter geesdrif oor die nuwe stelsel onder kerngebruikers aanwakker, verloop dit stadiger as wat beplan is. Die beheerkomitee het dus bykomende toetstyd goedgekeur, wat

die aktiveringsdatum vir SUNFin met sowat 'n maand tot Julie 2023 sal vertraag. Die verwagte vertraging hou geen begrotingsimplikasies in nie.

Nietemin sal SUNFin in werking tree vóór die SUNStudent-modules vir Registrasie, Studentegeld en -dienste, Koshuisbestuur en Finansiële Bystand, wat na verwagting in Desember 2023 geaktiveer sal word. Die SUNFin-span moes dus flink dink om gepaste prosesse daar te stel om studentefinansies vir die res van 2023 te bestuur. Indien SUNStudent enige verdere vertragings ná Desember 2023 ervaar, sal die SUNFin-span van voor af moet beplan om met verdere korttermynoplossings vorendag te kom.

Intussen is 'n aantal aktiwiteite aan die gang ter stawing van die SUNStudent-beheerkomitee se besluit in November 2022 om die aanvanklike aktiveringsdatum vir die nuwe studente-inligtingstelsel tot Desember 2023 uit te stel. Dít sluit in 'n hersiene begroting vir goedkeuring, en stawingsoefeninge deur onafhanklike sekerheidsverskaffers.

Die module Aansoeke en Toelating op SUNStudent werk steeds uitstekend. Ook die Stellenbosch Bestuurskool het op 5 April hulle MBA-aansoeke en -toelatings na die stelsel verskuif. Ander Bestuurskoolprogramme het op 12 April gevolg.

## 11. BMNI-bekendstelling bevestig US as voorloper in biomediese navorsing

Die amptelike bekendstelling van ons Biomediese Navorsingsinstituut op Tygerbergkampus in April was 'n heuglike geleentheid. Bouwerk aan die projek van R1,2 miljard het in 2019 begin.

Die BMNI het ons navorsingsfasiliteite by Tygerberg aansienlik uitgebrei deur 13 938 m$^2$ by die ou FISAN-gebou by te voeg. Die ontwerp van die fasiliteit, wat op internasionale navorsing en statutêre norme en standaarde berus, sluit onder meer 'n atriumstruktuur van glas in wat die ou en nuwe dele van die gebou verbind. Dit spog ook met volhoubare energie- en waterstelsels, waaronder reënwateropvangs, energiedoeltreffende verligting, en 'n koppeling aan die kampus se gryswatermeesterplan.

Meer as 500 biomediese navorsers en studente, waaronder van die voorste wetenskaplikes op die terreine van bio-informatika, tuberkulose, neurowetenskap en urologie, werk vanuit die BMNI. Benewens 'n aantal navorsingslaboratoriums, bevat die nuwe fasiliteit ook 'n bio-informatikasentrum, elektronmikroskopie-, proteomika- en vloeisitometriedienste, 'n mediese morfologiemuseum, 'n biobewaarplek, die Sunskill-laboratorium, 'n kliniese navorsingseenheid en konferensiegeriewe.

## Slot

Die hoogtepunte in hierdie verslag en die bykomende inligting in die bylaag onderstreep die US se verbintenis daartoe om toekomstige geslagte toe te rus om 'n beter wêreld te skep. Ons hou dus koers op ons missie om 'n navorsingsintensiewe universiteit te wees wat uitmuntende studente lok, talentvolle personeel aanstel en 'n wêreldklasomgewing bied – 'n plek wat met die wêreld verbind is en wat gemeenskappe plaaslik, op die vasteland en in die res van die wêreld verryk en transformeer.

## Medewerkers

*Die Rektor se Bestuursverslag is saamgestel deur die Uitvoerende Kommunikasie-ondersteuningspan in samewerking met prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, sowel as Mohamed Shaikh, uitvoerende bestuurder in die Rektoraat, en Melissa Douman, bestuurder van Uitvoerende Kommunikasie. Redigeer- en vertaaldienste is gekoördineer deur die US Taalsentrum en voorsien deur hulle medewerker Hendrien Swanepoel. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat hier onder volgens US-verantwoordelikheidsentrum gelys word:*

**Bedryf en Finansies:** Prof Stan du Plessis, die Afdeling Finansies (Manie Lombard & span), die Afdeling Fasiliteitsbestuur (Nicolette van den Eijkel & span), die Afdeling Informasietegnologie (Denisha Jairam-Owthar & span), Maties Sport (Ilhaam Groenewald & span) en Innovus (Anita Nel & span)

**Leer en Onderrig:** Prof Deresh Ramjugernath, die Afdeling Leer- en Onderrigverryking (Antoinette van der Merwe, Claudia Swart-Jansen van Vuuren, Charmaine van der Merwe, Anthea Jacobs, Jean Lee Farmer, Hanelie Adendorff, Nicoline Herman, Sim Ntwasa, Karin Cattell-Holden, Sonja Strydom, Morris Samuels, Vernita Beukes, Arné Binneman, Marisca Coetzee, Selene Deport, Fatima Halday, Anne-Mari Lackay, Susan Lotz, Michelle Pieters, Rose Richards, Helga Sykstus, Juanli Theron, Kim Wallmach en Miné de Klerk), die Afdeling Studentesake (Choice Makhetha, Nosipiwo Matiwane, Rabia Omar, Yeki Mosomothane, Khairoonisa Foflonker, Jethro Georgiades, Ruth Andrews en Lynne Rippenaar-Moses), die Eenheid vir Gelykwaardigheid (Jaco Greeff Brink, Nadine Christians en Larona Matee), Maretha Joyce

**Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie:** Prof Sibusiso Moyo, prof Johann Mouton, Maryke Hunter-Hüsselmann

**Registrateur**: Dr Ronel Retief, Gerhard Lipp, dr Celeste Nel, Bruce Banda, Ashmind Daniels, Farah Fredericks, Anne Havemann-Serfontein, Freek Truter, Beire Kramer, Salot Hanekom, Penny van der Bank, Charmaine Wing, Che Bermosky, Felecia van Rooi, Robert Young, Jonathan-Dale Blanckenberg

**Sosiale Impak, Transformasie en Personeel:** Prof Nico Koopman, Bongani Mgijima, Ulrich Wolff, Ricky Brecht, Johannes Adams, Natasha Coltman, Elvandré Galant, Awethu Fatyela, dr Claire Kelly, Katlego Letlonkane, Shanté Neff, dr Zethu Mkhize, Jubelian Korkie, Chevaan Peters, Mawethu Nyakatya, Renee Hector-Kannemeyer, Michelle Pietersen, Ernestine Meyer-Adams, Saartjie Botha, Candice Andries, dr Craig Thompson, dr Lynne Julie, dr Haidee Williams, dr Jo-Anne Kirby, suster Anneke van Heerden, Susan Crumpton, dr Pierre Viviers, Lieze-Carli Roux, Carmen Paynter, Shibu Mamabolo, Ebrahiem Abrahams, Venessa Williams, Joanne Williams

**Strategie, Globale en Korporatiewe Sake:** Prof Hester Klopper, dr Wayne Muller, Christelle Feyt, Tertia Kruger, Cristal Petersen, Marick Hornsveld, Candes Keating, Naudé van der Merwe, Amira Brown, Marguerite Cloete, Michelle Swart, Martin Viljoen, dr Alec Basson, Magdel Pretorius, Leon Eygelaar, Jerall Toi, dr Barbara Pool, Lidia du Plessis, dr Nico Elema, prof Sarah Howie, Sarah van der Westhuizen